DIE
Aambeeld

3/2015

Kwartaalblad van die HTS Drostdy

Kultuurgolf tref Drostdy

Drostdy verwerf goud by eisteddfods van Montagu tot Tygerberg

Vra vir enigiemand in die Boland waaraan hulle dink as Drostdy se naam genoem word en die antwoord sal nege uit tien keer soos volg klink: RUGBY!

Tye het verander. Drostdy is 'n gerekende kultuurskool wat op soveel kultuurfronte presteer. Ons het twee jaar van eerstes beleef. Ons koor het die eerste keer opgetree en vanjaar selfs aan twee eisteddfods deelgeneem.

Die Lentekonsert -plakkaat

Me. Neethling het die drama oorgeneem en vir haar was daar ook groot eerstes. Veral ons Lentekonsert.

Dan is daar natuurlik die Revue wat in die kultuurtoekoms wag.

Oor die orkes kan ons ook natuurlik boekdele skryf. Mnr. Pieter Ras en me. Stephne Krige is aan die stuur hier en me. Krige doen ook die individuele afrigting. Haar uitslae by die eisteddfods is vanjaar weer iets bonatuurliks. Sy het... wel... 'n slag met die kinders en hulle ontwikkel almal van spreekwoordelike wurms tot helderkleurige vlinders onder haar hande.Sy het vanjaar die rekords laat spat met die hoeveelheid leerders wat sy ingeskryf het vir die onderskeie eisteddfods. Haar uitslae word later breedvoerig in die uitgawe bespreek. Mnr. Ras is die dirigent en verantwoordelik vir die assimilasie van al die instrumente tot een volledige geoliede koperblaasorkes.

Me Christine Meiring is weer die dirigent van die koor. Hulle het in 2014 eers ontstaan, maar hierdie jaar het hulle (sy en mnr. Jaco Beeselaar) die koor geneem na 85% by die Worcester Eisteddfod en 84% by die Montagu Eisteddfod. Hulle het ook opgetree tydens die Lentekonsert en gewys waarom hulle hierdie uitslae behaal het. Hierdie koor is ongelooflik goed.

En dan kom ons by die individuele inskrywings by die onderskeie eisteddfods. Me. Elphia Neethling het groot skoene gehad om vol te staan, maar hierdie juffrou het passie en het haar onderskei as drama-afrigter. Die dramaleerders het almal aan hul lippe gehad tydens die Lentekonsert. Die gehoor was verstom met die kwaliteit van die opvoerings en humor is afgewissel met 'n diepsinnige toneel wat met die hart praat.

Verby is die dae wat daar na die Donkies verwys is as *spannerswaaiers*.
Ons is nou kultuurtiere!

Dit is hoe ons dit doen!

Redaktrise: Shamim Gallie

Wat 'n belewenis! Hierdie Kwartaal was 'n kwartaal vol grappe en lawwigheid en die belangrikste van almal, F-U-N. Soveel dinge het plaasgevind soos byvoorbeeld die Oscaraand, Interkoshuis Wintersport, Eisteddfod, Putty Cup, Daniel Pienaar, waar Drostdy selfs 'n muurbalspan aanmekaar gesit het en soveel meer. Die derde kwartaal was sowaar 'n "silly season". 'n Kwartaal waar mense gevra het : "Wat meer wíl Drostdy nog op die tafel gooi?"

As redaktrise is ek onsettend trots op die redaksielede wat hierdie besige kwartaal Die Aambeeld by die horings gepak het en hom betyds klaargekry het. Vir al vir die nuwe lede wat so ywerig was om aan die werk te spring en altyd bereid was om 'n foto te neem en 'n berig te skryf wanneer ons een nodig gehad het - wel gedaan. Ek wil spesiaal die uitlegredaktrise, Tania Venter, bedank vir die laataande en vroeë oggende se werk. Ek hoop dat hierdie uitgawe die goeie herhinneringe van kwartaal drie weer terug sal bring.

Geluk by die ongeluk

Mnr. Louis Steijn

Die ongeluk waarin ons O/15 krieketseuns betrokke was, het ons ganse skoolgemeenskap geruk. Ons loof en prys ons Skepper vir Sy oorvloedige genade en beskerming. Skrape en snye sal genees, maar geen kruise sal langs die pad opgerig hoef te word nie.

Donkies, dit is snaaks hoe so `n voorval ons `n bietjie tot stilstand roep. Ons besef net weer dat elke dag, elke uur en elke sekonde net `n geskenk is. Hierdie "geleende tyd" moet voluit benut en geniet word. Dit is egter jammer dat baie van ons onverskillig met ons tyd omgaan. Ja, dit is waar dat dit nooit te laat is vir baie dinge in die lewe nie, maar hoekom moet ons wag en uitstel?

As jy vanaand voor die spieël staan, na die 86 400 sekondes van hierdie dag, watter loon was daar vir jou "geleende tyd"? Het jy vandag jou drome nagejaag? Het jy jou potensiaal verwesenlik? Het jy jou karakter versterk of dalk het jy iemand anders se lewe verryk.

Hoekom moet so baie van ons egter ons weerkaatsing in die spieël vermy, omdat nog `n dag net verlore gegaan het. Nog `n dag waarin ek eerder my drome geïgnoreer het, my potensiaal onderdruk het, my naam deur die modder gesleep het. Nog `n dag waarin ek eerder ander vernietig het as opgebou het.

Donkies, jy kry vandag jou rapport. Wat is die loon van jou 108 000 minute van hierdie kwartaal? Wat het jy met die geskenk van 75 dae gemaak? Was dit `n belewenis of het jy dit weereens tot later uitgestel?

Ek laat jou met paar woorde uit Lord of the Rings. Geniet elke sekonde van jou vakansie.

"I wish it need not have happened in my time," said Frodo.
"So do I," said Gandalf, "and so do all who live to see such times. But that is not for them to decide. All we have to decide is what to do with the time that is given us."
— J.R.R. Tolkien, *The Fellowship of the Ring*

Nuwe besems vee skoon

Hierdie kwartaal is daar drie leerders wat by die Aambeeld aangesluit het, v.l.n.r. Tanya Oosthuizen, Fredaline Visagie en Taryn Alexander. Welkom aan elkeen van julle.

Bestuurskomitee 2016

Hierdie leerders is verkies, deur die onderwysers en graad tien- en elf-leerders, om die leerders van die skool te verteenwoordig.

Agter v.l.n.r. Fred du Plessis, Jandro Conradie, Christo Erasmus, Kobus Janse van Rensburg, Gerdus van Deventer

Middel v.l.n.r. Phillip Bergh, Earll Douwrie, Danie le Roux, Albert Liebenberg, Aiden Brandt, Leon Nortje, Curtney Hofmeester

Voor v.l.n.r. Anke Loubscher, Carmen Victor, Bianka Groenewald, Karla van Rensburg, Lereze de Scande, en Nelmarie Claassen.

VRL 2016

Elke jaar kry die graad agts en neges die kans om vier leerders te kies : twee meisies en twee seuns, en die graad tiens sewe leerders, drie meisies en vier seuns. Baie geluk aan die leerders wat verkies is om vir die volgende tydperk hulle grade te verteenwoordig.

Graad 8:	***Graad 9:***	***Graad 10:***	
Meisies:	**Meisies:**	**Meisies:**	**Seuns:**
Anri Röscher	Ané Brink	Mariechen Jordaan	Phillip Cornelissen
Surine van Tonder	Yvette van der Walt	Joh-Mari Marais	Kirstein Kloppers
Seuns:	**Seuns:**	Ané Nieuwoudt	Albert le Roux
Dawid Kock	Ben-Ernst Botha		Berto le Roux
Heinrich van Coller	Gerrit van Zyl		

Hierdie leerders tesame met die BK en koshuisrade het die naweek van 24 en 25 September gaan kamp om as leiers bemagtig te word. Me. Karen le Roux was die organiseerder en het alles perfek beplan om die kamp onvergeetlik te maak. Baie dankie aan HTS Drostdy vir meer as wat verwag word.

Ons groet vir mnr. Jeftha

Mnr. Jeftha was betrokke by verskeie aktiwiteite, maar die aktiweit wat seker die meeste van sy aandag geverg het, was die afrigting van die eerste seunshokkiespan. In die Meganies-klas het hy gesorg vir 'n interessante aanbieding vol opwinding. As jy hom in die gang sien, het hy geglimlag, jou gegroet en soms 'n vinnige grappie vertel. As enige van die Drostdyers gevra word of hulle mnr. Jeftha mis, sal hulle 'n besliste JA!, antwoord. Ons hoop meneer het 'n blink en voorspoedige toekoms.

Hy is tans werksaam by een van ons buurskole.

Mev. Anita van Zyl

Mev. Anita van Zyl help tydelik uit in mev. Naudé se plek wat tans met kraamverlof is. Ons het vir haar 'n paar vrae gevra en hier is wat sy geantwoord het. Haar volle name is Anita van Zyl en sy is oorspronklik van Namibië. Sy is daar gebore en het daar skoolgegaan. Daarna is sy vyf jaar na Amerika waarna sy teruggekeer het na Namibië. Sedertdien is sy in Worcester. Haar persepsie van Drostdy is dat sy saam met 'n uitstekende span Wiskunde-onderwysers werk wat goed georganiseerd is en dinge vlot laat verloop. Sy het ook alreeds voorheen in die laat 80's hier afgelos. Mev. Van Zyl het drie kinders, twee dogters en een seun. Sy het ook een kleinkind van 'n jaar oud. In die kort tydjie by Drostdy het juffrou vinnig in ons harte gekruip en ons waardeer al die moeite wat juffrou doen.

Mnr. Gerbrandt du Preez

Almal weet al van die nuwe Sportbestuurder wat in mnr. Ian Claasen se plek oorneem, maar weet julle wie hy rêrig is? Ons het 'n onderhoud met die nuwe onnie gaan voer om meer van hom uit te vind. Sy volle naam: Douw Gerbrand Du Preez. Hy het sy hoërskoolloopbaan in Hoërskool Wagbos in Brits begin, maar het in graad 9 na Hoërskool Dirkie Uys in Morreesburg verskuif. Hy het ook daar suksesvol matrikuleer in 1999. Hy het omtrent 'n opwindende agtergrond. Hy was ook 'n sportbestuurder by Laerskool Brits en voor dit het hy sewe jaar lank rugby gespeel en ontwikkel in lande soos Duitsland, Portugal, Rusland, Frankryk en Engeland. Hy het slegs 'n jaar lank vir Frankryk gespeel in Montubaan en twee jaar lank vir Engeland se Lions gespeel. Mnr. Gerbrand hou baie van die skool, hy het 'n baie goeie indruk van Drostdy en dink ook dat die skool se sport baie potensiaal het. As ons ons spanwerk verbeter en so ook ons skool se gees, sal ons wondere kan verrig. Hy dink ons kan vêr beter presteer en meer bereik as wat ons reeds het. Ons hoop dat u 'n goeie belewenis by Drostdy sal hê.

Die Kat kom Weer

Drostdy is baie geëerd om mnr. Richard Marshall weer terug te verwelkom by die skool. Hy het diep spore in Drostdy getrap en die matrieks se ontspanningsarea is selfs na hom vernoem. Mnr. Marshall help tans tydelik uit in die Meganiese-afdeling waar hy jare terug klas gegee het. Dis 'n voorreg om meneer weer by Drostdy te hê!

Nuutste toevoeging tot die Naudé-gesin

Een van Drostdy se Wiskunde-onderwysers het onlangs 'n seuntjie ryker geword. Baie geluk aan mev. Jomari Naudé en haar man, Derick, met die geboorte van hul seuntjie Derick jnr. (links). Ons hoop dat hy vir julle baie vreugde sal verskaf.

Me. Naude sal weer in die vierde kwartaal vir 'n klein rukkie by ons aansluit.

Die ouer-onderwyservereniging

Die OOV-span was aanvanklik onder die leiding van me. Annemarie du Toit, en as hulp het me. Annemarie Underhay ook haar bydrae gelewer. Me. Margaret Horton is tans die Voorsitter en sy en haar span het met elke tuiswedstryd gesorg vir heerlike kos en drinkgoed. Drostdy is baie dankbaar vir die ouers se harde werk en opoffering. Ons weet dit verg baie om Saterdae langs die vuur en agter die toonbank te staan. Selfs partykeer as jou eie kinders nie eens speel nie.
In kort - ons waardeer julle.

Die OOV lewer 'n onontbeerlike finansiële bydrae tot die bestuur van die skool. Die fondse word gebruik om te help met die optimale funksionering van die skool. Dit gaan oor ons leerders en om vir hulle soveel moontlik te kan bied - met die minste impak op die ouers se sak. Ons wil graag al die ouers, wat voel dat hulle deel wil word, uitnooi om kontak te maak met me. Margaret Horton. Sy is elke dag van die week , behalwe Dinsdae, by die skool.
Onthou - 'n betrokke ouer is 'n ingeligte ouer.

Baie dankie

Studentesentrum: Die Frikkie

Ons kafeteria is sowaar uniek! In 2014 is die kafeteria oorgedoen om dit meer leerdervriendelik te maak.
Die hele kafeteria is uitgeverf en 'n geraaskas (juke box) en pool-tafel is deel van die nuwe uitleg. Waar leerders aanvanklik saamgedrom het om gehelp te word, is daar nou 'n nuwe stelsel met mandjies, nommers en selfs 'n gedagte vir die dag terwyl jy na die kasregister beweeg. En dit als binne 'n gemiddeld van ses minute. Die Frikkie maak voorsiening vir almal se behoeftes teen baie bekostigbare pryse en die gehalte is ononderhandelbaar. Ons beoog om in die toekoms 'n OTM in Die Frikkie aan te bring - alles tot voordeel van ons leerders.

Die leerders geniet dit baie om



hier te kuier. Die atmosfeer is heerlik en die diens altyd met 'n glimlag. Dis lekker om 'n Donkie te wees, veral as jou magie vol is. Die Frikkie kan gehuur word vir funksies. (na-ure) soos koek-en-tee, intieme verjaarsdagpartytjies, kleiner jaareindfunksies, bemarkingstoesprake en kleiner teateroptredes.

WINTERBAL

Die Winterbal is een van die Bestuurkomitee se projekte en hierdie jaar was Letitia Möller aan die stuur van hierdie groot skip. Hierdie meisiekind kan organiseer hoor. Haar pa, mnr Wynand Möller, was die aand van die bal omtrent pootuit. Waarom is dit so maklik vir dogters om hul pa om die pinkie te draai?

Die saal het soos Londen gelyk - kompleet met die rooi telefoon-hokkie. Die aandag wat aan die gedetailleerde dekor gegee is, was net weereens die bewys van die kaliber kinders wat ons hier het en die mate van toewyding in die Bestuurskomitee. Julle het die standaard hoog gestel en volgende jaar se BK sal moet uithaal en wys. Ons leerders het die aand terdeë geniet en sien reeds uit na volgende jaar.

V.l.n.r. Grant, Mia, Marcel en Wian

KAROO - NAWEEK

Alle seuns moet in plaashuise met groot kamers, breë gange, 'n AGA-stoof en 'n Listerenjin grootword. Soggens moet dit yskoud wees en die opwinding van die plaaslewe moet elke oggend jou bloed in jou are laat bruis as jy by die sifdeur uitstap. Ons seuns het die afgelope kwartaal die voorreg gehad om dit te ervaar.

Die span het uit mnre. Eric van Wyk, Jasper Bothma en Oupie du Plessis, Stefan Skaap de Kock, Ruhan Chippies Coetzee, Hendré Swart, Stefan Bothma, Corné de Villiers, Oorlog Huysamen en Francois Roos bestaan - voorwaar 'n gedugte span.

Die rit na Victoria-Wes het natuurlik soos 'n eeu gevoel, aangesien almal so opgewonde was, maar toe ons eers *Drie Susters* verby is, het dit gou gegaan. Victoria-Wes is 'n spesiale klein dorpie met 'n ongelooflike ryk geskiedenis. Die mense het nog tyd vir mekaar. Ons gasheer en -vrou was Jakkals Olivier en sy pragtige vrou, Charlene, met hul twee seuntjies, Hugo en Truter.

Ons primêre doel was om die Karoo in al sy volheid te gaan ervaar en dit het ons gedoen.Vir drie salige dae het ons die rustigheid en eenvoud van die wonderlike plek geniet. Almal het buite hul gemaksone beweeg en nuwe ervarings was aan die orde van die dag. Ons het geslag, met vleis gewerk, biltong gesny en selfs wors gemaak.

Hierdie instelling is werklik 'n hoogtepunt op die Avontuurklub se jaarbeplanner. Aan die einde van die jaar beplan ons 'n hengelekskursie by die Langebaanmeer. Hou die webtuiste dop.

Ons hartlike dank aan me. Ester Pettit wat vir ons brood geborg het, mnr. Steyn Gerber wat vir ons koeldrank verskaf het en mnr. André le Roux van Agrimark wat vir elke seun 'n knipmes geskenk het. Dan aan die volwassenes wat saam is vir toesig en die bestuur van die bussie en ons gasheer wat elke jaar hierdie ervaring so ryk maak vir die seuns. Dis 'n wonderlike verbintenis wat ons koester. Ons kan nie deur hierdie ervaring gaan en nie ons hemelse Vader bedank nie. Ons was die hele tyd daar so bewus van Hom. Sy grootheid word deur die Karoo besing en ons was 'n deel daarvan!

JUNIOR STADSRAAD

Die Worcester Junior Stadsraad is 'n komitee wat bestaan uit agt skole binne en rondom Worcester. Daar word ses leerders, twee uit elke graad, uit elke skool gekies en hulle verteenwoordig die skoolgaande jeug. Hulle is betrokke by verskeie projekte waar daar uitgereik word na die gemeenskap.

Twee van ons graad 11-leerders het hoë posisies verwerf in die Stadsraad: Curtney Hofmeester as Stadsklerk en Carmen Victor as die Speaker. Die nuutse leerders op Stadsraad in graad tien is Astrid Bothman en Joh-Mari Marais. Dit is 'n groot verantwoordelikheid wat hulle het en ons weet dat hulle hul deel sal doen om Worcester 'n beter plek te maak.

Graad 10 - kamp

Die redaksie het van die graad 10 - lede gevra wat hulle van die kamp gedink het en hoe hulle dit ervaar het en dit is wat hulle gesê het:

Jani Janse van Rensburg

"Die kamp was 'n geleentheid vir my, as 'n nuwe leerder in Drostdy, om almal te leer ken. Dit het ons vermoë om as 'n span saam te werk verbeter, asook om geestelik saam te groei. Al was sommige van ons bang om teen hoë mure op te klim, aan toue te hang vir lewe-en-dood en in die vriesende water 'n vlot probeer bou, het elkeen iets nuuts in hulself ontdek. Net soos Drostdy was die kamp ook 'n belewenis wat vir 'n lang tyd in my hart gekoester sal word."

Jean-Luc Swart

"Dit was 'n ongelooflike ervaring gewees, waar elkeen van ons mekaar beter leer ken het en ook geleer het hoe om nader aan God te kom."

Romeo Eksteen

"Mense wat voorheen net kennisse was, is nou my vriende. Sekere dinge van die natuur wat altyd vervelig was , vind ek nou interessant. Die kamp was baie lekker, 'n belewenis wat ek nog nooit gehad het nie en iets wat ek weer sal wil beleef."

40 DAYS 2015

Die dag het aangebreek , 40 dae oor vir 2015 se matrieks. `n Dag van opwinding. Van blydskap. Van ewige herinnering. Die matrieks het hulle drome uitgebeeld deur volgens die beroep, wat hul wou beoefen toe hul jonger was, aan te trek en selfs van die onderwysers het saamgespeel deur soos skoliere aan te trek. Daar was ook `n joligheid by die Old Boys' klubhuis spesiaal vir die matrieks waar almal saam 'n glasie sap geniet het. Hier is 'n paar van die matrieks se opmerkings oor die dag:

Rene Horn

"Dit was iets waarna ek al heel jaar uitgesien het en alhoewel daar `n paar goed weggeneem is, was dit nog steeds `n lekker dag om te onthou."

Zandre Fernhout

"Dit was baie lekker om saam met die Hoof 'n glasie te klink en die gevoel van `n trotse Donkie te ervaar.

Die trots van `n Drostdyer, wat in geen ander skool bestaan nie, was ongelooflik."

Shawn Viljoen

"Die jaar se 40 days was anders as die vorige jare. Ons het `n glasie geklink op 2015 se matrieks van HTS Drostdy by die Old-Boys klubhuis en nuwe tradisies begin. Dit was `n dag van herinneringe maak en die opwindende gevoel van "40 dae van skool oor" te ervaar. Volgende jaar stap ons by die skool in as Old Boys and -Girls."

Letitia Möller

"Dit was `n baie interessante dag, maar daar is te min aandag gegee aan die matrieks."

MATRIEKS 40 DAYS

Hier is 'n paar foto's van ons graad 11's en 12's op die dag van die 40 Days. Die graad 11's moes hulle volle skooldrag agterstevoor aantrek asook alles agterstevoor doen op daardie dag. Op hierdie blad is daar ook 'n paar aanhalings vir die matrieks voor hul eindeksamen, sodat hulle kan sien dat ons hulle bystaan tydens die harde tydjie wat oorbly. Byt vas - die einde is in sig.

Graad 11's

"Stop wishing. Start doing"

"Inhale confidence. Exhale doubt"

"The phrase "Do not be afraid" is written in the Bible 365 times. That's a daily reminder from God to live every day being fearless."

"Happiness is not the absence of problems. It's the ability to deal with them."

"Work hard, dream big"

"A negative mind will never give you a positive life."

"Every champion was once a contender that refused to give up."



Cravenweek, Grant Khomo en Akademieweek

Hierdie jaar spog Drostdy weer met 'n rekordtal van tien Bolandspelers: Vier Grant Khomo-spelers o/16, twee Akademiespan-spelers o/18 en vier Cravenweek-spelers o/18 .



Cravenweek spelers: Van links: Erik Groenewald, Pieter Stassen, Earll Douwrie en Evan Booysen.

Akademiespan spelers: Van links: Zandré Fernhout en André Swanepoel.



Grant Khomo spelers: Van links: Timothy Allies, Greyling Geldenhuys, Bradley van Turha Afwesig: Mansur Anthony

LSEN Cravenweek

Gedurende die Junie/Julie vakansie het HTS Drostdy die O/18 LSEN Cravenweek aangebied. Spanne van oral in Suid-Afrika het dit tot hier in Worcester gemaak, waar hulle teen mekaar moes speel om die titel te wen. Hulle het op 28 Junie gearriveer en hul tuis kom maak in ons koshuise, sowel as die van ander skole in die Worcester omgewing. Die Bolandspan het ons trots kom maak en DHL WP geklop met 25-12. Die spanne het weer teruggegaan na hul tuisdorpe op die 3de Julie. Drostdy het beslis 'n groot indruk op baie mense gemaak en so ook sommer vrye publisiteit gekry net om ons skoolgronde se prag te adverteer en te wys dat HTS Drostdy beslis 'n belewenis is!

Dorp trap klei teen Koshuis

Die Interkoshuis sportbyeenkoms is 'n jaarlikse hoogtepunt by Drostdy waar Dorp en Koshuis mekaar uitdaag en teen mekaar meeding. Hierdie jaar het Dorp bietjie kleigetrap teen die Koshuis met rugby en netbal, maar by die hokkie was hulle onoorwonne. Baie geluk aan Koshuis wat die byeenkoms gewen het, asook aan elke leerder wat deelgeneem het. Vir die groot beker word daar egter ook na al die ander sport en kultuuruitslae gekyk. Ons sal maar tydens die prysuitdeling sien wie met die louere wegstap...

Netbal:	**Hokkie:**	**Rugby:**
Junior A - Dorp	**Seuns:**	0/14 - Koshuis
Junior B - Koshuis	Seniors : Dorp	0/15 - Koshuis
Senior A - Koshuis	Juniors : Dorp	0/16 - Koshuis
Senior B - Koshuis	**Meisies:**	0/19 - Koshuis
	Dorp	

Drostdy, waar Springbokspelers gebore word...

Hierdie jaar het Drostdy nog 'n SA speler opgelewer, Earll Douwrie. Hierdie graad 11 - leerder het begin as 6 (flank) vir sy laerskool se B-span. Rugby is nie sy enigste talent nie, maar rugby is wel sy eerste liefde. Hy was nog altyd net 'n B-span speler, tot HTS Drostdy hom raakgesien het as potensiële heelagter. Hy het agter gekom dat Drostdy 'n skool is van geleenthede en sonder om drie keer te dink die skuif gemaak.

Earll het verlede jaar ook Cravenweek gehaal, maar nie die SA – Skolespan nie. Dis nie waar hy gaan lê het nie. Hy is 'n man met mikpunte. Hierdie jaar het hy weer Cravenweek behaal en die SA – Skole Akademiespan gehaal. Hy sê dat hy 'n bietjie teleurgesteld is dat hy nie die SA – skolespan gemaak het nie, maar een van sy drome het wel waar geword; om in die groen en goue trui te speel.

"Daar is geen woorde om dit te beskryf nie..." was sy antwoord toe ek hom vra oor sy ervaring om vir Suid-Afrika te verteenwoordig in een van sy hoofsportsoorte. Hierdie leerder verkies eerder die meer gevorderde rugby. Alhoewel die fisiese kontak en die impak meer is as die gewone hoërskoolrugby, het hy baie geleer en met meer ervaring teruggekeer Drostdy toe.

Volgens Earll moet jy vir jou 'n mikpunt stel, daaraan werk en daarby hou, omdat niks in die lewe verniet of maklik is nie. Hierdie leerder van Caledon leef by die slagspreuk, dat jy nooit moet vergeet waarvandaan jy kom nie en dat jou omstandighede nooit jou toekoms sal bepaal nie.

Putty Cup

Die gees het in die lug gehang soos rook uit 'n fabriek se skoorsteen. Dit was nie Classsic Clashes-gees nie. Dit was Putty Cup-gees.

Die Putty Cup is 'n stryd teen die "Baardmanne", matriekseuns, en die "Donsies", graad 10's en 11's.

Dit is 'n tradisie wat al jare lank in Drostdy se geskiedenisboeke staan. Dit was altyd net twee rugbywedstryde tussen die Baardmanne- en Donsies A-span en ook 'n Baardmanne- en Donsies B-span.

Hierdie jaar het die Putty Cup meisies ook betrek. Dieselfde het vir die dogters gegeld, maar hulle het netbal in plaas van rugby gespeel.

Vir die graad neges was dit voorbereiding vir die jaar wat voorlê en vir graad agts, heeltemal iets nuuts. By die rugby het die Donsies nie teruggestaan vir die Baardmanne nie. Hulle het seker gemaak dat die Baardmanne weet dat hulle beslis nie net "Donsies" is nie. Aan die einde het die Baardmanne tog gewys wie baas is en het die Putty Cup reeks gewen.

By die netbal was die junior meisies die oorwinnaars en het vir die matrieks gewys waar Dawid sy wortels begrawe het.

Die Putty Cup is 'n een van vele tradisies by Drostdy wat die skool uniek maak. Dankie aan elke leerder wat deelgeneem en Drostdy werklik 'n belewenis gemaak het.

Krieketspelers ongedeerd na bussie omslaan

Ons 0/15-krieketspan het tydens die langnaweek in September na George gereis om aan 'n kriekettoernooi te gaan deelneem. Op pad, net anderkant die Stilbaai-afdraai, was hulle in 'n ongeluk betrokke.
Die bakkie betrokke in die ongeluk het na bewering die skoolbussie verbygesteek, hom getref waarna die bussie omgeslaan het.
Almal is met ligte beserings na die Riversdal hospitaal geneem. Die span het uiteraard aan die kriekettoernooi onttrek en dieselfde aand huis toe gekom.
Hierdie ongeluk het ons weer 'n slag tot stilstand gebring om weer bestekopname te maak. Ons besef dat alles wat met ons gebeur 'n doel het en dat die Here se genade vir ons onbeskryflik groot is.
Ons het ook die waarde van ons mense besef. Mnre. Gerhard van der Merwe en Pieter Ras was op die toneel en die manier waarop hulle die situasie hanteer het, was prysenswaardig. Ons seuns het ware karakter gewys en Laerskool Worcester-Oos het dadelik ingewillig om hul bussie vir ons te leen om die seuns te gaan haal. Aan almal wat ons in hul gebede gedra het deur hierdie kwartaal wil ons dankie sê. Drostdy se familie was weer in volle werking.

Stoeiers verwerf provinsiale kleure

Heelwat van Drostdy se stoeiers het tydens die derde kwartaal provinsiale kleure verwerf en gaan as deel van die Boland- of SA Juniorspan aan die Jeugkampioenskap te Mitchellsplein deelneem. Dit sal van 8-10 Oktober plaasvind. Mnr. Kurt Herzog is die Bolandspan se afrigter en ook natuurlik Drostdy se afrigter. Ons seuns doen uitstekend en lewer gereeld stoeiers op wat internasionaal deelneem. Alle voorspoed vir hierdie manne wat gaan deelneem.

<u>0/15</u> Bolandspan
Gerhard Marais
Xander van Schalkwyk
Hanco Strydom
Reghard Smith
Michael Jansen

<u>SA Juniors</u>
Jason Beukes
Jaco van Staden
Willem Adams
Stephen Strydom

Baie geluk aan elkeen van julle.

Turha in oefengroep

Nog 'n Drostdyer, Bradley van Turha (regs) is in die SARU 0/16 oefengroep opgeneem.

Dis 'n baie groot eer wat hierdie rugbyspeler te beurt val. Hy is tans die heelagter van doe 0/16 A-span en sal wonderlike ervaring opdoen wyl hy vir die SA-span speel.

COMBINED FIRST XV, U16, U15 & U14 RANKINGS 2015

RANK	TEAM	AVG PTS
1	PAARL BOYS HIGH	
2	[illegible]	
3	[illegible]	
4	[illegible]	
5	[illegible]	
6	[illegible]	
7	[illegible]	
8	[illegible]	
9	[illegible]	
10	[illegible]	
11	NOORD KAAP	16.181
12	BOLAND LANDBOU	16.016
13	HTS DROSTDY	15.639
14	SACS	15.241
15	[illegible]	

Hokkiespelers reeds op dreef vir 2016

Hokkie is wat hulle eet, hokkie is waarvan hulle droom, hokkie is in hul gene! Hierdie volgende leerders het Boland Shiraz streekspan (ou Noord-Boland) verteenwoordig gedurende die Junie/Julie vakansie.

o/14 seuns: -Tristan Matthews
- Ruben Wolstenholme
- Juan Cornelissen
- Heino Welgemoed

o/14 dogters: - Antoinette Steyn

o/16 seuns: - Carel Marais
- Bruwer Badenhorst
- James Standbridge
- Pieter Möller

o/18 seuns: - Marco Visser
- Ruan Lambrechts

Agter v.l.n.r. James Stanbridge, Ruben Wolstenholme, Bruwer Badenhorst, Carel Marais, Juan Cornelissen, Pieter Möller.
Voor v.l.n.r. Jacques Marais, Tristan Matthews, Heino Welgemoed

Marco Visser en Ruan Lambrechts

Antoinette Steijn

Baie geluk aan Jacques Marais wat die besonderse prestasie behaal het deur die eerste Drostdyer sedert 2008 te word, wat die Interprovincial Tournament (IPT) span, die ou Bolandspan, haal.

Die hokkiespelers sit ook nie stil in hul vrye tyd nie. Tans is daar elf leerders, waarvan sewe o/14 is, wat Saterdae binnenshuise hokkie in die DF Malan sentrum in Stellenbosch speel. Tydens vakansies neem van die spelers ook aan die vywe hokkie deel om hulself voor te berei en op te skerp vir die hokkieseisoen.

Jacques Marais het weereens op die gebied ook goed presteer. Hy is in Augustus gekies om die o/16 Foxes (Boland A) binnenshuise hokkiespan te verteenwoordig. Hy sal in Desember aan die nasionale toernooi in Durban deelneem.
Carel Marais en Marco Geldenhuys is ook op die kortlys vir die Bolandspan.

Baie geluk aan elke speler wat presteer. Hou aan met julle harde werk en toewyding, hokkie word sowaar 'n belewenis om dop te hou!

Agter v.l.n.r. Dylan, Marco, Carel, Pieter-Jean, Adriaan, Juan
Voor v.l.n.r. Sean, Eric, Jacques, Tristan, Ruben

Meisies maak stem dik

In 1981 het die heel eerste meisie 'n tree in Drostdy gegee. Vandag is daar 170 dogters in die skool en netbal is nie meer net n sport nie, maar 'n leefstyl. Baie geluk aan hierdie ses leerders wat netbal as 'n leefstyl beskou en hierdie pragtige prestasies behaal het.

Hulle is:

Surine van Tonder	-	Noord-Boland
Marlie le Roux	-	Noord-Boland
Antonette Saaiman	-	Noord-Boland
Klara Naudé	-	Noord-Boland
Gabi Bennett	-	Boland
Anke Laubscher	-	Boland

V.l.n.r. Surine van Tonder, Antonette Saaiman, Gabi Bennet, Anke Loubscher, Marlie le Roux.

FIETSRY

Hierdie jaar kan ons werklik spog met ons bergfietsryers. Die jaar het afgeskop met baie nuwe belangstelling.

Ons hoogtepunt vir die jaar, na drie jaar se deelname aan die skole ligabyeenkomste, wat die Spur aanbied, het ons gekwalifiseer om deel te neem an die nasionale finale in Magaliesburg. Hierdie was definitief vir die twee matrieks, John Nel en Anrique Davids, wat reeds drie jaar hiervoor werk, 'n belewenis.

Surine van Tonder, Divan de Wet, Daniël van Tonder, Willem Diederiks, John Nel en Anrique Davids het Drostdy verteenwoordig in die Magaliesburg. Alle koste is deur die Spur gedra en ons het tuis - gegaan in die koshuise van Hoërskool Bekker in Magaliesburg . Die ryers het elke oomblik van hierdie belewenis geniet, 'n onvergeetlike ervaring.

Onder leiding van Jean-Pierre Esterhuizen het die ryers werklik baie ontwikkel, tydens die oefensessies wat hy waargeneem het.

Surine van Tonder, Johan van Zyl en Heini Beukes is graad 8 - leerders wat dopgehou kan word. Surine het in die Spur-liga tweede in haar ouderdomsgroep in die Wes-Kaap geëindig.

Daar is ook 'n redelike toename in die deelname van die meisies.

Daniël van Tonder en Anrique Davids het beide die jaar goed gevaar by die WP- en SA-kampioenskappe. Daniël het 'n vierde plek behaal by die SA-kampioenskap en 'n elfde plek by die SA-kampioenskap. Anrique het sewende by die WP-kampioenskap en sewe-en-twintigste by die SA-kampioenskap geëindig.

Ons hoop om nog ryers te motiveer om volgende jaar deel te neem aan die WP-liga.

SKYFSKIET



Die afgelope jaar het die seuns gereeld en baie getrou geoefen. Soos in die verlede, het ons aan die WP-kompetisie deelgeneem. Die skuts het baie goed gevaar en na die finale WP-kompetisie is Adriaan Alberts in die WP-span opgeneem wat in Gauteng aan die SA-kampioenskap gaan deelneem.

Gedurende die jaar is verskeie nuwe skuts geslyp. Nuwelinge soos JJ Strydom en Flippie van der Merwe het aan die einde van die seisoen hulle stemme begin dik maak. Ons verwag volgende jaar groot dinge van hulle.

Die skuts wil ook graag oom Kallie Alberts bedank vir sy afrigting, aanmoediging en ondersteuning. Sonder hom sou alles nie so goed verloop het nie.

Ons sien met afwagting uit na die 2016-seisoen.

Akademie

Brilliant Young Donkeys

Die Brilliant Young Donkeys is 'n groep wat bestaan uit die toptien leerders in elke graad. Die doel is om pret te hê en hierdie leerders te beloon vir hul harde werk. Verlede kwartaal het hulle reeds hul uitstappie na Kaapstad gehad. Hulle het die Groenpunt Stadion besoek asook die *Eastern Bazaar* waar hulle middagete met 'n Oosterse gevoel geniet het.

Donkies KAN!

In die tweede kwartaal het van ons leerders aan die tweede rondte van die Harmony Wiskunde Olimpiade deelgeneem. Hier is die uitslae van die tien leerders wat goed presteer het.

Die volgende leerders se prestasies is geklassifiseer in die ***"goed"*** katogorie:

- Ben-Ernst Botha (gr 9)
- Stefan du Plessis (gr 10)
- Astrid Bothman (gr 10)
- Carla Brink (gr 10)
- Curtney Hofmeester (gr 11)
- Aiden Brandt (gr 11)
- Karla van Rensburg (gr 11)
- Danica Mong (gr 12)

Baie geluk aan Phillip Cornelissen (gr. 10) en Carmen Victor(gr. 11) wie se prestasie geklassifiseer is in die ***"uitstekend"*** kategorie.

Baie geluk aan elke leerder wat goeie prestasies behaal het. Ons is trots op julle!

IT OLIMPIADE

Vanjaar is die eerste jaar wat IT as vak by Drostdy aangebied is vir graad 10-leerders. IT kon nog altyd geneem word as vak, maar moes by Worcester Gimnasium, in die middag geneem word. IT is 'n vak wat 'n mens se vermoë om 'n probleem op te los, toets en die IT Olimpiade het omtrent die vermoëns van die leerders getoets.

Vier van die graad 10 IT-leerders het kans gesien vir die uitdaging en het Vrydag 14 Augustus, in skooltyd, twee ure gehad om die olimpiade te voltooi.
Daar was ses vrae en almal was so opgestel om, ook leerders wat in graad 11 en 12 is, se vermoëns te toets. Die olimpiade is afgelê deur 'n aanlyntoets te skryf.
Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het.

Die resultate is soos volg:

1ste plek: Albert le Roux

2de plek: Daniel van Tonder

3de plek: Daniel Joubert

Terug in die tyd van Armstrong, Ruth, Chaplin en Capone ...

The20's, where the buildings were higher, the parties were bigger, the morals were...

Op 25 Augustus het Drostdy ons jaarlikse Oscaraaand gehad."Daar is niks lekkerder as om huis toe te gaan met 'n mannetjie op 'n plankie nie!" het een van die Oscarwenners gesê. Die aand was regtig iets om te beleef. Die tema was The Great Gatsby. "Toe ek in die saal stap, kon ek die gevoel van die 1920's styl voel. Dit het gevoel asof ek in daardie era leef!"

Die aand was voorwaar "amazing". Daar was vele leerders wat opgetree het soos bv. Jessica Moore, Marco Visser, Ruan en José, Daniel Jack en ons skool se pom-pom meisies. Hierdie leerders is ons Oscar-wenners:

Casanova	-	Stephen Strydom
Mnr. Kuite	-	Emile Opperman
Mej. Bene	-	Klara Naudé
Mnr. Sexy eyes	-	Wian Binedell
Mej. Sexy eyes	-	Janine Pienaar
Mnr. Minion	-	Kevin Pringle
Mej. Minion	-	Elizna Erasmus
Don't touch the hair	-	Leon Nortjé
Modeman	-	Shawn Viljoen
Modemeisie	-	Nina Fouché
Mnr. Babbelkous	-	Greyling Geldenhuys
Mej. Babbelkous	-	Anika van Niekerk
Mnr. Killer smile	-	Wimpie Viljoen
Mej. Killer smile	-	Ané Brink
Foonverslaafde	-	Amber May
Drama King	-	Danie Retief
Drama Queen	-	Antoinette Steijn
Jock van die jaar	-	Ruan Vermeulen
Miss fitness fantastic	-	Claudi Bester
Celebrity look-a-like	-	Curtney Hofmeester (Trever Noah)
Starsky en Hutch	-	Dewald en Danie
Couple van die jaar	-	Franco en Carmen
Mees gepaste bynaam	-	Brandon (Chow)
Mnr. Persoonlikheid	-	Christie Grobbelaar
Mej. Persoonlikheid	-	Sheraé Gilliomee
Drostdy Legend	-	Jason Beukes
Prestige Toekennings		
Drama	-	Nelmarie Claassen
Musiek	-	René Horn
Dans	-	Tamerin Heyman en Nadia Lingenfelder
Kuns	-	Suzette Janse van Vuuren



Ligte, kamera, wat?

Die tyd het aangebreek vir die dramaleerders om te wys wat hulle elke tweede middag in juffrou Neethling se klas doen. Jufffrou Neethling het sonder om twee keer te dink die drama van Drostdy oorgevat nadat mev. Helene Lambrecths afgetree het. Vir die eerste jaar van Eisteddfod het juffrou Neetling en haar leerdes skitterend gevaar. Sy het 'n totaal van 14 inskrywings by die Worcester Eisteddfod gehad: twee silwer 75% - 78%; nege goud 80% - 89%; twee dubbelgoud 90% - 94% en een medaljewenner 95% - 100%. Drie van ons leerders het ook buite-afrigting gehad en het aan die Worcester- en Tygerberg Eisteddfod deelgeneem. Hulle het ook Drostdy se kultuurvlak gaan wys en het baie goed gevaar.Ons is trots op hierdie leerders.

Hier volg die uitslae van die Worcester Eisteddfod:

Brenda du Toit	- Poësie - 78% Silwer
Cara Smith	- Poësie - 78% Silwer
Cheznay Thomas	- Poësie - 80% Goud
Marilie Matthee	- Poësie - 80% Goud
Zanke Bloem	- Poetry - 80% Goud
Madré Burden	- Monoloog - 84% Goud
Anaïs Mason	- Monoloog - 85% Goud
Jason Smit	- Poësie - 88% Goud
Shamim Gallie	- Monologue - 88% Goud
Tina Kleinhans	- Poësie - 88% Goud
	- Prosa - 93% Dubbelgoud
Embran Richards	- Poësie - 90% - Dubbelgoud
Nelmarie Claassen	- Poësie - 81% Goud
	- Prosa - 95% Medalje

Acting gives you a story to tell,
a reason to cry,
and lets you for once be someone
OTHER THAN YOURSELF.
- Gorgie Roman





Entertainment

Wait... English in Die Aambeeld... ERROR

No, from this edition onwards this statement will no longer be valid. English is the second most spoken language in the world, so yes it is important! This page will transform your thoughts about English and you will certainly enjoy it.

Here are fun facts about the English language:

- **The longest English word that can be spelled without repeating any letters is 'uncopyrightable'.**
- The following sentence contains seven different spellings of the sound "ee": 'He believed Caesar could see people seizing the seas'.
- 'Queueing' is the only word with five consecutive vowels (five vowels in a row).
- The most difficult tongue twister in the English language is "sixth sick sheik's sixth sheep's sick".
- 'I am.' is the shortest complete sentence in the English language.



HOT and NOT

HOT

- ☑ The real English Cut - It does not start in the middle and it is not too high on the head, that would be called the chicken cut...

- ☑ Very cool if your skirt is the right length - Too short hurts the eyes!
- ☑ Not swearing is cool, now you have a vocabulary.
- ☑ Be a thinker and not a follower!

NOT

- ☒ No white socks with your school uniform! You can be a homeboy after school.
- ☒ Soooo not : Pullover over a jersey!
- ☒ Swearing in front of teachers, girls, actually in front of anyone. The Oxford English Dictionary contains 171 476 words in current use you can choose from!
- ☒ Fights on school grounds, what's the point anyway? The fight lasts two minutes, the consequences last forever!

Message in ACTION!

On Wednesday 5 August 2015 Mr Underhay opened the school hall gathering, his talk was about the movie: "The Cobbler". It is about a shoemaker who lived a dull, frustrated life repairing shoes day in and day out. One day the machine he used to repair the shoes with, broke. He found his father's old sewing machine, but little did he know that it was magical... This magical machine allowed him to see the world from a different perspective by stepping into the shoes of his customers.

Mr Underhay's message was that you have to take responsibility for your deeds. You have to take off your shoes and be responsible and work for the things you want to achieve in life.

That afternoon Drostdy had interhouse sports and one girl forgot her shoes. The very generous Mrs Krouwkam lent her, her shoes, leaving her standing with her socks on the wet grass. Now that is Mr Underhay's message in ACTION!

ROLO TITUS

Wanneer die kat weg is, sal die muis baas kan wees?

Elke jaar, rondom hierdie tyd (Augustus-September), raak die skool leeg, omdat die matrieks besig is om daardie 'stepping stone' na hulle toekoms te vat.

Elke jaar bekommer die graad 11's hulle of hul die titel, 'beste seniors', gaan kry. Dis hartseer, maar tog die waarheid dat die meeste graad 11's 'n hele paar maande vat om hul plek te vind as seniors. Sommige leerders eers in die tweede kwartaal, ander nooit. Wel, volgende kwartaal is dit , dit! So wees gereed graad 11's . Julle tyd is hier.

Sal hierdie jaar se graad 11's vinnig genoeg hulle plekke inneem as navolgenswaardige seniors? Dis vir julle om te besluit.

Tradisies in die spervuur

Die afgelope kwartaal was tradisies seker een van mees beprate knelpunte onder die matrieks. Alles het begin met die 40 days en dit wat hulle wou doen daartydens. Sommige van die onbetrokke matrieks het aanspraak gemaak op die uitvoer van tradisies - waarby die graad 11's natuurlik betrek is. Uit die aard van die saak het die verkeerde aanslag net konflik veroorsaak totdat die ouer Drostdyers die werklike tradisie aan hierdie oënskynlik tenagekome seniors verduidelik het. Die groot vraag is natuurlik - watter tradisies is positief en volhoubaar , want dis die tradisies wat bou en gees kweek?

Daar is absoluut geen tradisie of iets opbouend in die idee om elke dag vir veertig dae pak te kry by 'n senior nie - iets wat in die verre verlede 'n realiteit was. So het die geskiedenis ook al vir ons geleer dat die outjies wat die meeste gekla en gehuil het in die verlede, die ouens is wat die meeste wil lyf rondgooi as hulle seniors is.

Tradisies soos die graad 8's se baadjieseremonie met die aambeeld, die Putty Cup, juniors wat nie op die gras mag loop nie, 40 days, ons handeklap... Dit is tradisies wat 'n plek het en nie tot nadeel van ander plaasvind nie. Dis hierdie tradisies wat ons wil uitbou en deel maak van die toekoms.

Vir die wat aanspraak maak op sekere voorregte sodat dit , in baie gevalle misbruik kan word, julle mis die hele idee van sogenaamde doop, ontgroening of inlywing.

Kom ons bou, in 'n tyd wat dinge soms negatief kan lyk, aan pragtige positiewe tradisies waaraan ons kinders ook eendag kan deel hê.

VERMAAK